## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

## KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom

## Kersdiens

Bring asseblief jou vriende en familie

25 Desember 2012

## BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

**Naam en Van**

______________________________

**E-Mail**______________________ **Sel**__________________

**Woonadres**

______________________________

## ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:

Biccard Straat (Kolping Centre is aan jou regterkant)
Durbanville

| Bankrekening vir bydraes | BAIE DANKIE |
|---|---|
| **FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-409**<br>Rekening: **551 601 09804** | Ons vra vir 'n maandelikse bydrae hetsy per koevert of per EFT<br>**Groot ASSEBLIEF en BAIE dankie** |



# Neo-Spektrum

## 16 Desember 2012

## WONDERWEKE GEBEUR WAAR ONS LIEFDE KIES BO ONS VREES.

## STILTE IN DIE KAPEL

~ Concerto In D Minor: Adagio — Zanta Hofmeyr ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde,
hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het!
Kinders en suigelinge besing die magtige werk
wat U tot stand gebring het.
So word u teëstanders, die vyande en wraakgieriges, tot swye gebring.
As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers,
die maan en die sterre waaraan U 'n plek gegee het, wat is die mens
dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien?
U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak
en hom met aansien en eer gekroon,
U laat hom heers oor die werk van u hande,
U het alles aan hom onderwerp: skape en beeste, alles;
selfs die diere in die veld, die voëls in die lug,
en die visse in die see wat die oseane deurkruis.
Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde!
(Psalm 8)

## STILTE VAN BINNE

~ Amen, Alleluia — Greek Orthodox ~

# STILTE VAN BINNE

## GESPREKSIRKEL

### MIRACULUM meaning 'something wonderful'

**מוֹפֵת** [*mopheit*] — wonder, sign, miracle, special display of God's power

**יָפָה** [*yaphah*] — to be bright, be beautiful, be handsome, be fair.

**אוֹת** [*'oot*] — sign, remembrance, miraculous sign, omen, warning, proof

**פָּלָא** [*pa'la'*] — be beyond one's power, difficult to do; difficult to understand; to be wonderful, be extraordinary, marvelous, to do a difficult thing.

### WAT IS 'N WONDERWERK?

1. ***JY is 'n wonderwerk!***
2. ***Wonderwerke is 'an open/change of mind'***
3. ***Waardering en dankbaarheid vir Lig en Lewe***
4. ***Om na die wêreld te kyk deur God se oë***
5. ***JY is 'n wonderwerker!***

Ons skep 'n **God-taal** vir 'n God wat nie 'n taal praat nie. **Psalm 77** lê God se voetspore op water en NT doen dit met Jesus. **Moses** se manna word Jesus se brood. **Elia** se dood is Jesus se lewe.

### WAAR ONS LIEFDE KIES BO VREES

***Behaviour-controlling deity: seeking divine favour or fearing divine retribution. Bv: God laat die son stilstaan sodat Josua die Amalekiete kan vergruis, is dit 'n God wat ooit deur die Amalekiete aanbid kan word? As God dit toe kon doen waarom het nie die Holocaust stop nie? Jesus se wonderwerke gaan oor: A NEW BEING en sy unieke beklemtoning van sy krag tot versoening (reconciliation) en eenheid (wholeness).***

### GELOOF, HOOP, LIEFHÊ IS IETS WONDERLIKS

***Die vraag is nie: het wonderwerke gebeur of nie? Die vraag is ook nie of God iets bonatuurlik laat gebeur om te wys Hy kan wette van natuur buig/verander sodat ons in Hom moet glo nie? My hoop is nie in 'n wonderwerk nie maar die wonder van my verwondering in 'n God wat in en deur alles vloei sodat die realiteit van Christus toegelaat sal word om my lewe te transformeer deur sy wonderlike liefde!***

### 'N HERINNERING AAN ONS POTENSIAAL

*Letterkunde is nie letterlik nie. Verhale is nie noodwendig waarheid nie. Geskiedenis is nie biografie nie (daar is nie 'n taal wat 'n innerlike ervaring beskryf nie daarom gebruik ons 'n uiterlike taal) Ons het nie wonderwerke nodig om ons op ons knieë te bring in aanbidding nie. As ons op ons knieë is, sal ons die wonderwerke sien!* **Wonderwerke laat ons kyk tot ons sien; laat ons luister sodat ons hoor; laat ons stap waar ons kreupel is.** "Want so lief het God die wêreld gehad ..." is ons credo!

# FOR WHAT YOU GIVE, YOU BECOME !!

~ Jardin d'Ete — Preisner ~

## HERINNERING EN SEËNBEDE

Die hemel getuig van die mag van God,
die uitspansel maak die werk van sy hande bekend.
Die een dag gee die berig deur aan die ander
en die een nag deel die kennis aan die volgende mee.
Sonder spraak en sonder woorde, onhoorbaar is hulle stem.
Tog gaan daarvan 'n boodskap uit oor die hele wêreld
en hulle taal bereik die uithoeke van die aarde.
Vir die son is daar in die hemel 'n tent opgeslaan.
As hy stralend begin om sy baan te volg,
is hy soos 'n bruidegom wat uit sy slaapkamer kom.
Aan die een kant van die hemel kom hy op
en aan die ander kant gaan hy onder,
en niks ontkom aan sy gloed nie.
Die woord van die Here is volmaak: dit gee lewe.
Die onderwysing van die Here is betroubaar:
dit gee wysheid aan dié wat nog onervare is.
Die bevele van die Here dui die regte koers aan: dit bring blydskap.
Die gebod van die Here is helder: dit gee insig.
Die eise van die Here vir sy diens is goed: dit staan altyd vas.
Die bepalings van die Here is reg: elkeen van hulle is regverdig.
Hulle is kosbaarder as goud, selfs as baie goud,
soeter as heuning, as druppels uit 'n heuningkoek.
U dienaar laat hom daardeur leer.
Wie dit alles onderhou, groot is sy beloning.

(Psalm 19:1-12)

## AS ONS UITSTAP

~ Fanfare From Sonatine VI Twv41:F1 — Zanta Hofmeyr ~